



Sesde uitgawe
2009

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

• Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Pieter Du Plessis
083 965 2729
- Onder voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Tesourier - Daan du Toit
012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
083 388 4736
- Addisionele lede :
Otto Koekemoer
Ben Kruger
Martin Kruger

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@af.aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur.	1
Meeting of 1 November	2
Protected trees	4
Snippets	6
Lede profiel	7
Vergadering van 5 Desember	8

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

Van die redakteur.

Dagsê bonsai vriende

Met hiedie laaste uitgawe vir 2009 dink ek terug oor die jaar en voel dit soos gister dat ek in Januarie aangebied het om hierdie 'koerantjie' op die been te bring. Ek het gedink dat indien ek vier uitgawes kon behartig ek tevrede sou wees en wraggies hier gee ek uitgawe ses uit. Ek moet erken dat ek, alhoewel dit nogal harde werk was, dit baie geniet het. Ek het gepoog om oor die vergaderings so verslag te doen dat lede wat nie meer vergaderings bywoon nie kan sien dat die vergaderings leersaam en aangenaam is. Of ek daarin geslaag het weet ek nie en ek weet ook nie hoeveel lede wel die Koeda lees nie.

Baie dankie aan die lede wat gedurende die jaar bydraes gemaak het vir Koeda. Ek dink aan Louis Nel, Ivone de Figueiredo, oom Theuns Roos en ander. Dankie ook vir die kommentaar wat van die lede gegee het. Julle is steeds welkom om kommentaar, raad asook kretiek te gee en natuurlik veral bydraes te lewer wat ek kan

plaas. Ek dink ek praat namens almal wat die vergaderings bywoon en wil graag lede bedank wat demonstrasies gedoen het deur die jaar. Dit was werklik leersaam en ek glo almal het dit geniet. Ook dankie aan die bestuur wat als reël en organiseer.

Vir die wat bevoorreg is om weg te gaan met vakansie wens ek 'n voorspoedige reis toe. Dit is seker onnodig om almal wat weggaan daaraan te herinner om seker te maak dat jou bome deur iemand (dalk 'n outomatiese besproeiingsstelsel) versorg word.

Aan almal wens ek 'n geseënde kerstyd toe. Geniet die tyd saam met familie en geliefdes. God's rykste seën aan julle.

Jaco.



One might not think that one has the perfect tree, but the very labour of trying to achieve this is perfection in itself!

Meeting of 1 November.



veins/grain of the wood when carving because the wood cracks along the veins later when drying out. Cathy said she found that when a Buddleja is taken out of the ground with existing deadwood it can not be preserved and always rots away in a few years because the wood is rotten inside. Cathy uses a die grinder with cutters used for aluminium to carve. She stated that the refs of a normal drill is to slow for carving. She used an angle grinder fitted with a chainsaw blade to cut the very top of the tree. The top of the tree was very hard and she decided to concentrate on the lower portion and do the top at home when she had more time.

(cont on the next page)

Kathy Steyn of Vaal West Bonsai Kai did a demonstration on carving on one of her Yamadori Buddleja. (Yamadori are trees collected in nature) She says that most of her beautiful Buddleja trees are collected in the Parys area by a friend of hers. She then buys from him the ones she likes.

The tree Cathy demonstrated on was collected about 1½ years ago. She says that to her the tree as it is had some problems in that it had no taper, has a lump low down and a big branch that is not suitable. Cathy then asked her husband to assist in cutting off the big branch. She also removed all low growing branches on the main trunk to be able to see the movement in the trunk. The remaining branches were then covered in stocking to protect them during carving as well as to get them out of the way of the carving.



One of Cathy's trees.



Cathy then marked the top of the trunk with a permanent marking pen, the portions she wanted to carve away. She says that one has to follow the natural



Meeting of 1 November - continue

Cathy first drilled holes into the wood and then gradually carved with bigger tools every time. The final process is to use a wire brush fitted to the die grinder to finish the carving off. She normally does carving over a couple of weeks. She does the main carving then let the tree stand to see where the natural cracks appear, then she carves those cracks. She warned not to carve into the ground level as the wood will rot due to moisture. She makes sure that there are no hollows in the carving which can collect water and cause rotting.



Cathy says that after carving the wood she uses wood glue mixed with water to apply to the wood. This doesn't leave the wood white as lime sulphur does.

The demonstration was most informative and very enjoyable to watch. ♣



PROTECTED TREES

Background

In terms of the National Forest Act of 1998 certain tree species (types of trees) can be identified and declared as protected. The Department of Water Affairs and Forestry followed an objective, scientific and participative process to arrive at the new list of protected tree species, enacted in 2004. All trees occurring in natural forests are also protected in terms of the Act. Protective actions take place within the framework of the Act as well as national policy and guidelines. Trees are protected for a variety of reasons, and some species require strict protection while others require control over harvesting and utilization.



Baobab

using a set of criteria developed at public workshops. The final list was published by notice in the Government Gazette and newspapers, after a public review process.

The criteria used to select tree species for inclusion in the protected tree list are:

- Red List Status (rare or threatened species)
- Keystone Species Value (whether species play a dominant role in an ecosystem's functioning)
- Sustainability of Use (whether a species is threatened by heavy use of

- its products such as timber, bark etc)
- Cultural or spiritual importance (outstanding landscape value or spiritual meaning attached to certain tree species)
- Other legislation (whether a specie is already protected by other legislation)

Listing and Proclamation

The Department of Water Affairs and Forestry received a long list of proposed tree species for protection from stakeholders. A panel of experts then assisted the Department in evaluating these proposals,

Protection

In terms of the National Forest Act of 1998 forest trees or protected tree species may not be cut, disturbed, damaged or destroyed and their products may not be possessed, collected, removed, transported, exported, donated, purchased or sold – except under license granted by the Department of Water Affairs and Forestry (or a delegated authority)

List of trees on next page



Camel thorn

**I think that I shall never see
A poem lovely as a tree
Poems are made by fools like me
But only God can make a tree.**

PROTECTED TREES—Continue**LIST OF PROTECTED TREES**

Acacia erioloba - Camel thorn (E) Kameeldoring (A)	Acacia haematoxylon – Gray camel thorn (E)
Adansonia digitata – Baobab (E) Kremetart (A)	Vaalkameeldoring (A)
Balanites subsp. Maughamii – Torchwood (E)	Afzelia quanzensis – Pod mahogany (E)
Groendoring (A)	Peulmahonie (A)
Boscia albitrunca – Sheperd’s tree (E) Witgat (A)	Barringtonia racemosa – Powder-puff tree (E)
Breonadia salicina – Matumi (E) Mingerhout (A)	Poeierkwasboom (A)
Cassipourea swaziensis – Swazi onionwood (E)	Brachystegia spiciformis – Msasa (E) Msasa (A)
Swazi-ueihout (A)	Bruguiera gymnorhiza – Black mangrove (E)
Ceriops taga – Indian mangrove (E)	Swart-wortel-boom (A)
Indiese wortelboom (A)	Catha edulis – Bushman’s tea (E)
Colubrina nicholsonii – Pondo weeping thorn (E)	Boesmanstee (A)
Pondo-treurdoring (A)	Cleistanthus schlechteri – False tamboti (E) Vals -tambotie (A)
Curtisia dentate – Assegai (E) Assegai (A)	Combretum imberbe – Leadwood (E)
Erythrophysa transvaalensis – Bushveld red balloon (E), Bosveld-rooiklapperbos (A)	Hardekool (A)
Ficus trichopoda – Swamp fig (E) Moerasvy (A)	Elaeodendron transvaalensis – Bushveld saffron (E) Bosveld-saffraan (A)
Lumnitzera racemosa var. Racemosa – Toga mangrove (E), Toga-wortelboom (A)	Euclea pseudebenus – Ebony guarri (E)
Lydenburgia cassinoides – Sekhukhuni bushman’s tea (E), Sekhukhuni-boesmanstee (A)	Ebbehout-ghwarrie (A)
Newtonia hildebrandtii – Lebombo wattle (E)	Leacadendron argenteum – Silver tree (E)
Lebombo-wattel (A)	Silwerboom (A)
Ozoroa namaquensis – Gariep resin tree (E)	Lydenburgia abbottii – Pondo bushman’s tea (E)
Gariep-harpuisboom (A)	Pondo-boesmanstee (A)
Pittosporum viridiflorum _Cheesewood (E)	Mimusops caffra – Coastal red milkwood (E)
Kasuur (A)	Kusrooimelkhout (A)
Podocarpus falcatus – Outeniqua yellowwood (E)	Ocotea bullata – Stinkwood (E), Stinkhout (A)
Outniekwa-geelhout (A)	Philenoptera violacea – Apple-leaf (E)
Podocarpus latifolius - Real yellowwood (E)	Appelblaar (A)
Opregte-geelhout (A)	Podocarpus elongatus – Breede river yellowwood (E) Breederivier-geelhout (A)
Protea curvata – Serpentine sugarbush (E)	Podocarpus henkelii – Henkel’s yellowwood (E)
Serpentynsuikerbos (A)	Henkel-se-geelhout (A)
Pterocarpus angolensis – Wild teak (E), Kiaat (A)	Protea comptonii – Saddleback sugarbush (E)
Sclerocarya birrea subsp. Caffra – Marula (E)	Baberton-suikerbos (A)
Maroela (A)	Prunus africana – Red stinkwood (E)
Sideroxylon inerme subsp inerme – White milkwood (E), Wit-melkhout (A)	Rooi-stinkhout (A)
Warburgia salutaris - Pepper-bark tree (E)	Rhizophora mucronata – Red mangrove (E)
Peperbasboom (A)	Rooi-wortelboom (A)
Widdringtonia schwarzii – Willowmore cedar (E)	Securidaca longepedunculata – Violet tree (E)
Baviaanskloof-seder (A)	Krinkhout (A)
	Tephrosia pondoensis – Pondo poison pea (E)
	Pondo-gifertjie (A)
	Widdringtonia cedarbergensis – Clanwilliam cedar (E) Clanwilliam-seder (A)

SNIPPETS

Regstelling.

In uitgawe nommer vier 2009 het ek 'n artikel geplaas oor die Hiroshima atoom bom en die 'Yamaki White Pine' wat deur Japan aan Amerika geskenk is. In die artikel noem ek dat die atoom bom op 6 Augustus 1954 afgegooi is. Oom Theuns Roos het my daarop gewys dat dit verkeerd is en wel in 1945 was.

Oom Theuns was betrokke by die tweede wêreld oorlog as deel van 'n gekombineerde Engelse en Suid Afrikaanse eskader, die 34 Swaarbomwerper eskader. Hulle was gestasioneer in die ooste van Italië. Die dag van 6 Augustus 1945 was oom Theuns nie op diens nie maar in Napos. Hy het na die militêre basis in Napos gegaan om 'n geleentheid op 'n vragmotor terug te kry na sy basis en toe hy by die hek kom sê die wag vir hom "It's all over." Oom Theuns vra toe "What is all over?" Die wag sê toe "The war is all over. An atom bomb was thrown on Hiroshima this morning and the war is over."

Dankie vir die regstelling en die interessante brokkie oom Theuns.



Brandon Rhode het vir my die foto hier langsaan gestuur wat die klein 'paddastoeltjies' onder 'n Maple van hom wys. Dit het my laat dink dat ons moderne leefwyse kitsoplossings op ons afdwing vir als. Baie van ons (en ek sluit myself in) wil dit ook in ons bonsai hê. Ons wil vandag met 'n jong boom begin en more 'n skou boom hê. Ons vergeet om die hele proses (journey) van bonsai te geniet. Elke nuwe blaar en elke nuwe takkie wat ons boom maak moet vir ons iets wees om te geniet. Ek is seker die klein stukkie natuur wat Brandon kon waarneem met die 'paddastoeltjies' is deel van die lekker van bonsai wat ons moet ervaar.



When the student suspected that his tree died from over fertilizing, he stopped feeding all his trees.....and then wondered why they looked so unhealthy!



Lede profiel - Dr Koos le Roux



Dr Koos le Roux was vir baie jare 'n mediese dokter. Nadat hy in 1972 afgetree het is hy aangestel as Direkteur Regsmediese dienste. Hierdie posisie het hy bekleed tot 1994 toe hy vir 'n tweede keer afgetree het. Oom Koos is al 44 jaar lank getroud met tannie Barbara. Hulle het vyf kinders uit die huwelik asook 17 kleinkinders en een agterkleinkind.

Oom Koos sê dat hy in 1985 'n geskenkbewys by 'n boek winkel gekry het en toe vir hom daarmee die bekende Dorothy Koreshoff se boek oor bonsai gekoop het. Hy het die boek vir omtrent 'n jaar gelees sonder om werklik te begin met bonsai. Iemand het hom toe vertel van die Pretoria bonsai kai en hy het toe in 1986 aangesluit. Oom Koos sê dat sy persoonlikheid so is dat as hy met enigiets begin hy absoluut voluit daarvoor gaan. Dit het veroorsaak dat hy toe in 1987 as voorsitter gekies is, terwyl hy eintlik geen kennis van bonsai gehad het nie. Hy het toe twee keer per jaar simposiums gehou oor verskeie onderwerpe en dan die kenners oor die land genooi om dit aan te bied. Hy het gesorg dat al die lesings en inligting vooraf deur die kenners verskaf is en dan het hy boekies daarvan gemaak wat by die simposium verkoop is.

Oom Koos se eerste boom was 'n Olienhout. Hy het op 'n stadium die boom vir iemand gegee en weet nie of die boom nog leef nie. Sy eerste bome wat hy uitgegrawe het was sewe Olienhoutte wat hy en sy seun by Oudtshoorn in baie rotsagtige gebied uitgegrawe het.

Sy vrou en skoondogter moes ses ure lank in die warm kar sit en wag terwyl die bome gegrawe is. Oom Koos se groot liefde is egter saikei en meeste van ons ken sy wonderlike saikei. Oom Koos het hier by die negentig saikei. Hy is ook baie lief vir mooi klippe en tel oral waar hy kom mooi klippe op. Hy het ook 'n mooi versameling suiseki. By die eerste Afrika bonsai konvensie het een van sy seiseki die eerste prys gewen.


Oom Koos werk baie graag met die *Lonicera Nitida* in sy saikei en deesdae ook met die Kaliforniese vy. Hy sê dat mense glo die Kaliforniese vy 'n Burt-Davy is, maar hy is nie seker nie. As bonsai werk hy graag met die Olien, Acacia en Wilde vye. Hy glo nie mens moet 'n te groot verskeidenheid soort bome gebruik nie. As raad aan beginners sê oom Koos dat jy moet begin met bome wat baie maklik is soos die Wilde vye. Jy kan nie fout maak met Vye om mooi bome te kry nie. Leer ook eers bome se behoeftes voordat jy probeer om hulle te gebruik as bonsai.

Van oom Koos se ander belangstellings is fotografie en houtsniewerk. Deesdae maak hy die wonderlikste audiovisuele programme oor veral kunstenaars. Hy het ook al 'n hele paar gemaak oor Bybel verhale.

Oom Koos sê dat hy in die beginjare by die kai wonderlike tye gehad het en baie geleer het saam met mense soos Charles Ceronio, Louis Nel, Theuns Roos, John Lynch, Joyi en Mattie Scheepers, Werner Bub, Alf Jones, Pieter Visagie en nog andere. Oom Koos voel dat hy sy eie smaak en styl in saikei ontwikkel het en tevrede is dat hy nie verder wil vorder nie. Hy beplan om saam met Charles en Tobie Kleynhans te begin om dvd's te maak oor tegnieke in bonsai en saikei. Oom Koos het al by baie klubs asook konvensies opgetree. Hy het ook 'n stukkie oor saikei geskryf vir Craig Cousins se boek oor bonsai. ♣

Vergadering van 5 Desember

Dr Barry Fourie het met ons gepraat oor die Literati styl in bonsai. Barry sê dat die Literati nie eintlik 'n styl is soos die vyf basiese style nie maar meer 'n uitdrukking, benadering of interpretasie. Die Literati is kuns georieenteer. Dit is 'n eksklusiewe bonsai ervaring en moeilik om te definieer. Barry sê die persone wat volgens hom die literati die beste kon beskryf was John Naka en Harry Tomlinson.




Die literati het in China ontstaan en het later in Japan gewild geraak. Literati is die tipiese bome wat op ou kaligrafie geskilder is en wat landskappe uitbeeld met harde rotse en kranse en verwronge bome. Hierdie kaligrafie het so kommersieël geraak en is in massa geproduseer dat 'n groep kunstenaars in opstand gekom het en toe die literati styl in bonsai gemaak het. In Japan word die styl Bunjin genoem.



Die literati maak gebruik van teenstellings. Daar is net een reël in literati en dit is dat daar geen reëls is nie. Tog moet dit esteties aanvaarbaar wees. 'n Goeie literati moet drie dimensioneel wees. Barry sê dat die literati 'n rondom boom is, hy moet van alle kante mooi wees. Hy moet lewendig wees en mens moet versigtig wees om hom nie twee dimensioneel te maak nie.

Barry sê dat die literati in alle opsigte gaan oor die stam van die boom. Die stam moet die fokus van die boom wees en waaroor die boom gaan.

Vervolg op bl 9.....



Vergadering van 5 Desember - vervolg

Barry sê dat daar vyf belangrike eienskappe vir die literati is:

1. Dit is 'n lang slanke vroulike boom. Tog moet hy volwasse wees met die indruk van ouderdom. Daar hoef nie noodwendig 'taper' in die stam te wees nie en kan 'n egalige dikte wees maar moet vloei en beweging hê.
2. Die stam moet skielike rigting veranderings hê met harde skerp hoeke.
3. Die takke van die literati mag kruis. Die stam mag ook op homself kruis of 'n tak mag voor die hoofstam kruis. Dit moet egter steeds natuurlik lyk.
4. Dikwels groei takke sterk af met net bietjie blare aan die onderkant.
5. Literati word gewoonlik in klein vlak potte geplant sodat die aandag by die stam van die boom is en nie op die pot nie. Die pot moet die aandag na die stam neem.

Enige takke en blare aan die stam mag nie meer as 20–30% van die totale volume van die boom uitmaak nie. Barry sê dat met literati jy dus nie bang hoef te wees vir 'n sker nie. Die literati het gewoonlik drie en 'n maksimum van vyf takke. Hierdie takke kom gewoonlik in die boonste derde van die boom voor.

Barry het aan twee Eugenia bome asook 'n Witstinkhout gewerk. Dit was 'n baie leersame en inspirerende praatjie. ♣

